Gedigte 18/05/2020

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat volg

Lees en kyk: 'n Gedig

Pre-lees: Kyk na die titel en die illustrasie en voorspel wat in die gedig gebeur.

Tydens lees: Lees dit dan aandagtig.

Die afloswedren

Die wenspan is nou agter
in die aflosren: — wedren vir vier atlete
Klein-Pietie het gestruikel, — geval
en kan sy span nog wen?

Die vierde man is Frikkie,
die span se laaste hoop,
maar kan dié vetgesmeerde blitsie — atleet wat so vinnig soos blits hardloop
vyf ander inhardloop?

Frikkie trek hom krom en spaander, — hardloop vinnig
steek twee, steek drie verby,
maar in die pylvak, teen Smit Penn, — net voor die wenstreep
mag hy sy moses kry. — kan jy dalk verloor

Behou Smit Penn sy voorsprong, — 'n ent voor
of wen ons Frikkie wat?
Die pawiljoen raak skoon besete: — raak mal (van opgewondenheid)
Gaan daar 'n rekord spat?

Frikkie breek die wit lint
sekondes voor Smit Penn:
Klein-Pietie huil van vreugde — blydskap
sy span het tog gewen!

Hennie Aucamp
(Uit: *Woerts in die hoekie*, Protea Boekhuis, 2011)



Post-lees: Vrae

1. Uit hoeveel **strofes** bestaan die gedig?
2. Hoeveel **versreëls** is daar in elke strofe?
3. Kies die regte rymwoord in die blokkie en skryf die **rymwoorde** neer.
   a) aflosren – _____
   b) hoop – _____
   c) verby – _____
   d) wat – _____
   e) Penn – _____

spat
gewen
wen
kry
inhardloop



4. Watter atleet in die aflosspan het geval?
5. Watter woord in strofe 3 sê dat die atleet Smit Penn nie in Klein-Pietie en Frikkie se span is nie?
6. Wie hardloop voor in strofe 4?
7. Wat beteken dit as 'n atleet die "wit lint" breek?
8. Hoekom huil Klein-Pietie van vreugde?

Luister en praat

Luister en praat: Voorbereide praat

Berei die gedig "Die afloswedren" volgens die prosesbenadering voor vir 'n bespreking daaroor. Oefen om vlot te praat en oogkontak te maak. Lees met gevoel, soms hard, dan sagter, soms vinnig, dan stadiger. Vertel daarna wat in die gedig gebeur het. Vertel dit interessant en gebruik gebare.

Taalstrukture en -konvensies

Taal in konteks

Vul die korrekte voorsetsels in.

1. Kyk _____ die prent _____ die kinders wat _____ sport deelneem.
2. Die tennisspeler slaan die bal _____ die net.
3. Netbal en sokker speel 'n mens _____ 'n bal.
4. Die swemmers swem _____ die swembad en die atlete oefen _____ die baan.

Skryf n gedig

Jou gedig moet gaan oor al die goed wat jy nie meer kan doen nie as gefolg van lock down. Al die goed wat jy mis of baie graag wil doen maar nie meer kan nie.

Jou gedig moet ten minste 4 strofes he en daar moet teen minste twee rym woorde per strofe wees

Julle mag mekaar help. As jy jou werk kan aanstuur na n vriend toe sodat hy/sy jou kan help mag julle dit doen.

Gebruik die rubric hier onder om jou te help.

Neem n fotoe van jou werk en stuur dit trug vir jou ondewyser

Kriteria	**Uitsonderlik** *(Skitterend)*	**Knap** *(Baie goed)*	**Gemiddeld** *(Bevredigend)*	**Elementêr** *(Baie swak)*	**Onvoldoende** *(Onverstaanbaar)*
INHOUD en **BEPLANNING** **25 punte**	**20–25** **Inhoud** uitsonderlik of treffend of bo verwagting. - Idees is intelligent of verbeeldingryk. Dit laat die leser nadink. **Beplanning**: uitsonderlike organisasie en samehang. - Treffende inleiding, liggaam en samevatting of slot.	**15–19** **Inhoud** baie goed. - Idees is relevant, interessant en oortuigend. **Beplanning** goed en samehangend. - Goeie inleiding, liggaam en samevatting of slot.	**13–14** **Inhoud** bevredigend; soms onduidelik. - Idees redelik samehangend en oortuigend. **Beplanning** - Redelike organisasie; inleiding, samevatting of slot.	**8–12** **Inhoud** Bly nie altyd by die onderwerp nie. - Idees is losstaande of onduidelik of verwarrend. - Dwaal af en/of is onsamehangend. - Herhalings kom voor. **Beplanning** is gedoen, maar is onvolledig.	**0–7** **Inhoud** grootliks irrelevant; nie van toepassing. - Idees is vaag of deurmekaar - Talle herhalings. - Nie oor die onderwerp nie. **Beplanning** van geen nut nie. / Geen beplanning nie.
TAAL, **STYL** en **REDIGERING** **10 punte**	**8–10** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas uitstekend by die onderwerp, doel gehoor en konteks. - **Taal en leestekens** is effektief benut, byna foutloos. **Figuurlike taal**, bv. beeld-spraak, is treffend en gepas. - **Feitlik foutloos** na redigering en proeflees.	**6–7** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas baie goed by die onder-werp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is goed; enkele foute. - **Figuurlike taal**, bv. beeldspraak, is gepas. - **Min foute** na redige-ring en proeflees.	**5** - **Styl, toon, register en woordeskat** is gepas vir die onderwerp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is gepas; dra betekenis oor. - **Figuurlike taal** kom hier en daar voor. - **Foute** nie erg steurend, na proeflees en redigering.	**3-4** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas nie by opdrag of onderwerp nie. - Steurende **taal- en spelfoute** en/of byna geen leestekens nie. - **Woordkeuse** beperk of pas nie by onderwerp nie. - **Baie foute**, selfs ná redigering en proeflees.	**0–2** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas glad nie by opdrag/onderwerp nie. - **Taalfoute** veroorsaak dat die teks moeilik lees of byna **onverstaanbaar** is. - **Wemel van foute**: Skynbaar glad nie geredi-geer of geproeflees nie.
STRUKTUUR en **FORMAAT** **5 punte**	**5** - Onderwerp ontwikkel uitstekend. - Uitsonderlike, helder besonderhede of detail. - Sinvolle afwisseling van **sinne en paragrawe** ***Lengte*** is korrek. **Formaat**: Gepas; akkuraat.	**4** - Onderwerp ontwikkel logies. - Samehangend. - Goeie / logiese afwisseling van **sinne en paragrawe**. ***Lengte*** is korrek. **Formaat**: Enkele onbeduidende foute.	**3** - Odnerwerp ontwikkel bevredigend en maak sin. - **Sinne en paragrawe** is goed gekonstrueer. - Inhoud maak steeds sin. ***Lengte*** is byna korrek. **Formaat**: Enkele foute.	**2** - Dwaal soms af. - Sinne en paragrawe foutief OF **Oorloopsinne**. - Inhoud maak sin t.s.v. die foute. ***Lengte***: Of te lank óf te kort. **Formaat**: Redelik ernstige foute.	**0–1** - Nie oor die onderwerp. - Sinne en paragrawe foutief. OF **Oorloopsinne** verwar die leser. - Inhoud maak nie sin nie OF Dit is onverstaanbaar. ***Lengte***: Veels te lank of te kort. **Formaat**: Onvanpas.